Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 11 MEI 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan mnr M Bolton wat aangestel is as wnd Direkteur: Finansiële Dienste.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 APRIL 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 April 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 MEI 2016

5.1.1/...

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 2DE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4 – 2015/2016)

Die Wet of Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, No. 56 van 2003 (MFMA) maak voorsiening dat 'n munisipaliteit sy goedgekeurde jaarlikse begroting deur middel van 'n aansuiweringsbegroting mag hersien.

Die voorsitter noem dat alhoewel daar reeds in Januarie 2016 'n aansuiwerings-begroting op die 2015/2016 begroting aanvaar is, addisionele fondse, soos gelys in die sakelys, vanaf nasionale en provinsiale departemente ontvang is. Hierdie fondse moet ingevolge Artikel 28(b) van die MFMA ook in vermelde begroting deur middel van 'n aansuiweringsbegroting geakkommodeer word.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2016)

(a) Dat die wnd Direkteur: Finansiële Dienste opdrag gegee word om aan die nodige statutêre vereistes in terme van die MFMA te voldoen en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(b) Dat kennis geneem word dat die 2de aansuiweringsbegroting geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2015/2016 finansiële jaar nie, maar wel 'n positiewe vermindering in die tekort van –R8 040 592 na R1 040 592;

(c) Dat kennis geneem word dat die 2de aansuiweringsbegroting nie 'n impak op die 2016/17 en 2017/18 MTREF finansiële jare soos goedgekeur op 28 Mei 2015 sal hê nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2015/2016 as volg te wysig:

(1) Kapitaalbegroting/...

7.1/...

			Histories	Tans
(1)	**Kapitaalbegroting**	**: 2015/2016**	**R 92 885 408**	
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**R 83 701 437**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**R 90 701 437**
(2)	**Bedryfsbegroting**			
	Inkomste	**: 2015/2016**	**R 564 444 651**	
	Aansuiwerings Inkomstebegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**R 599 195 579**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**R 613 402 983**
	Uitgawe		**: 2015/2016**	**R 579 331 647**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**R 607 236 171**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**R 614 443 575**
	Surplus/Tekort	**: 2015/2016**	**-R 14 886 996**	
	Aansuiweringsbegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**-R 8 040 592**
	Aansuiweringsbegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**-R 1 040 592**

(e) Dat die aangesuiwerde tabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies ingevolge die MFMA, soos uitgesit in Aanhangsel A, goedgekeur word.

7.2 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munispale Stelsels, No. 32 van 2000, bepaal, onder andere, dat 'n munisipale raad sy GOP jaarliks moet hersien (1) in ooreenstemming met 'n ontleding van sy prestasiemetings en (2) tot die mate wat veranderende omstandighede dit vereis.

Die verslag tot die sakelys bevat 'n volledige uiteensitting van die wysigings ter hersiening van die GOP en die veranderinge wat sedert Mei 2015 die vierde wysiging van die GOP noodsaak.

Die hersiene GOP dien as basis vir die 2016/2017 begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2016)

(a) Dat die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die Areaplanne na die Raad vir goedkeuring verwys word;

(b) Dat kennis geneem word dat die 2016/2017 kernprestasie indikatore en –teikens tydens die raadsvergadering van 26 Mei 2016 saam met die GOP voorgelê sal word.

7.3 GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2016/2017, 2017/2018 EN 2018/2019 (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4 – 2016/2017)

Die voorsitter behandel gedeeltes uit die verslag, en versoek die Munisipale Bestuurder om die kommentaar wat vanaf die publiek ontvang is, toe te lig.

Die Begrotingsbeheerkomitee het op 10 Mei 2016 byeengekom en word die voorstelle van die komitee in die aanbeveling aan die Raad geakkommodeer.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2016)

A: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2016/2017; 2017/2018 EN 2018/2019

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee, inaggenome die insette van die Begrotingsbeheerkomitee, die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting aan die Raad **aanbeveel vir goedkeuring** soos hieronder opgesom:

			Histories:	**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**: 2015/2016**	**R 92 885 408**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**R 83 701 437**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**R 90 701 437**
	90 Dae Konsep	**: 2016/2017**	**R**	**R 74 945 020**
	30 Dae Finaal	**: 2016/2017**	**R**	**R 74 689 669**
		: 2017/2018	**R**	**R 92 115 550**
		: 2018/2019	**R**	**R 148 449 357**
(2)	**Bedryfsbegroting**			
	Inkomste	**: 2015/2016**	**R 564 444 651**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**R 599 195 579**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**R 613 402 983**
	90 Dae Konsep	**: 2016/2017**	**R**	**R 648 309 465**
	30 Dae Finaal	**: 2016/2017**	**R**	**R 641 914 085**
		: 2017/2018	**R**	**R 698 162 497**
		: 2018/2019	**R**	**R 711 484 474**
	Uitgawe	**: 2015/2016**	**R 579 331 647**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**R 607 236 171**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**R 614 443 575**
	90 Dae Konsep	**: 2016/2017**	**R**	**R 656 889 569**
	30 Dae Finaal	**: 2016/2017**	**R**	**R 654 711 941**
		: 2017/2018	**R**	**R 701 640 184**
		: 2018/2019	**R**	**R 705 930 968**
	Surplus/Tekort	**: 2015/2016**	**-R 14 886 996**	**R**
	Aansuiweringsbegroting 1	**: 2015/2016**	**R**	**-R 8 040 592**
	Aansuiweringsbegroting 2	**: 2015/2016**	**R**	**-R 1 040 592**
	90 Dae Konsep	**: 2016/2017**	**R**	**-R 8 580 104**
	30 Dae Finaal	**: 2016/2017**	**R**	**-R 12 797 856**
		: 2017/2018	**R**	**-R 3 477 687**
		: 2018/2019	**R**	**R 5 553 505**

(b) Dat die Raad **kennis neem** van die aanpassings wat plaasgevind het tussen die 90 dae en 30 dae begroting soos gelys in **Aanhangsel B**;

(c) Dat die Raad **volstaan** met die voorgestelde elektrisiteitstariewe wat tydens 31 Maart 2016 aan die Raad voorgelê was, aangesien Nersa tans steeds ingebreke bly om die finale goedkeuring te gee t.o.v. voormelde tariewe soos voorgelê was tydens die 90 dae begroting;

(d) Dat die finaal voorgestelde meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2016/17 - 2018/19 finansiële jare ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA **goedgekeur** word;

(e) Dat die eiendomsbelasting tariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse hefffings soos uiteengesit in **Aanhangsel B**, **goedgekeur** word;

7.3/...

(f) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in die tabelle in **Aanhangsel C, goedgekeur** word;

(g) Dat die begrotingsverwante beleide soos vervat in **Aanhangsel D**, **goedgekeur** word;

(h) Dat die Raad **goedkeuring verleen** vir die salarisverhogings ten opsigte van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings wat wissel tussen 7%-7,28%;

(i) Dat **kennis geneem** word van die inhoud van MFMA Omsendbrief No. 82: Cost Containment Measures **(Aanhangsel E)**;

(j) Dat die aksieplanne **(Aanhangsel F)**, ten einde uitvoering te gee aan die voorgestelde besparingsmaatreëls **goedgekeur** word;

(k) Dat die Raad **kennis neem** dat die aanbevelings in Omsendbrief 82 in ag geneem was met die hersiening van die begrotingsbeleide;

(l) Dat toepaslike oorsig meganismes **ingestel** word om besparingsmaatreëls te monitor, ten einde te voldoen aan artikel 62 en 167 van die MFMA om te verseker dat redelike stappe geneem word vir die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van openbare hulpbronne en in die beste belang van die plaaslike gemeenskap;

(m) **Ten aansien van die voorgestelde oorname van die ontbondelde bates van die grootmaatwatervoorsiening van die Weskus Distriksmunisipaliteit:**

(i) Dat daar **kennis geneem word** dat die besonderhede bekend is van die eksterne lening en waardevermindering van die Weskus Distriks-munisipaliteit se waterinfrastruktuur, en die moontlike oordrag tussen Swartland Munisipaliteit en die ander twee B-munisipaliteite, synde Bergrivier en Saldanhabaai, en ingesluit is in die 2017/18 begroting;

(ii) Dat daar **kennis geneem word** dat die waardevermindering vir 2017/18 gebaseer is op dieselfde persentasie toedeling as die eksterne lenings, aangesien die werklike bedrae nog nie bekend is nie;

(iii) Dat daar kennis geneem word dat die balans van die eksterne lening soos op 1 Julie 2017, R28 129,733 gaan beloop met ‘n rentekomponent van R4,7 mil;

(n) **Ten aansien van die infasering van die belasting van die geografiese gebiede, te wete Grottobaai en Jakkalsfontein:**

(i) Dat daar **kennis geneem**, en aldus **goedkeuring verleen word** dat die wysigings aan die eiendomsbelastingwet – wat 75% korting toegelaat het aan geografiese gebiede, oor ‘n tydperk van sewe jaar uitfaseer word, waarvan die eerste 10% addisionele heffing reeds in die 2015/16 finansiële jaar gedoen is, en waarna die oorblywende 65% heffing oor die daaropvolgende jare infaseer sal word teen die volgende persentasies:

- 2016/17 : 55% (10%)
- 2017/18 : 44% (11%)
- 2018/19 : 33% (11%)
- 2019/20 : 22% (11%)
- 2020/21 : 11% (11%)

waarna die tarief gelykstaande aan die residensiële tarief sal wees in die 2021/22 finansiële jaar, m.a.w. 100% van die residensiële tarief;

(o) Dat, ten einde die risiko aan uitstaande debiteure te beperk, die sogenaamde Aqua Loc-waterbestuursmeganisme/meter installeer word by huishoudings wat nie hulle verpligtinge nakom nie, of huishoudings wat ingevolge die waterbeperkingsmaatreëls meer as 50kl per maand gebruik, en dat **daar kennis geneem** word dat die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid reeds daarvoor voorsiening maak (meer spesifiek klousules 8(j), 8(2) en 11(3)(ii));

(p) **Ten aansien van die kommentaar van AGRI, Malmesbury (skrywe van 26 April 2016 van mnr Koot Claassen:**

(i) Dat weens die feit dat die Weskus gedurende Januarie 2016 deur die Nasionale Departement van Samewerkende Regering, ingevolge die Rampbestuurswet (Wet 57 van 2000), tot 'n droogtegeteisterde rampgebied verklaar is, 'n verdere eenmalige 2% (m.a.w. vanaf 78% na 80%) vir die 2016/17 finansiële **jaar toegeken word**;

(ii) Dat daar **kennis geneem word** dat verdere gesprekke met die Landbouers met ingang van September 2016 volvoer sal word, aangaande die droogte, al dan nie;

(q) **Ten aansien van Grottobaai Huiseienaarsvereniging (e-pos gedateer 19 April 2016):**

(i) Dat daar **kennis geneem word** van die voorskrifte van Waterwese ten aansien van uitsuigtenks, maar dat alvorens die vereistes afgedwing word, die volgende handelinge eers volvoer word:

- Bepaling van die hoeveelheid ontwikkelingsgeleenthede wat nog beskikbaar is te Grottobaai, Jakkalsfontein en Tygerfontein;
- Dat, gebaseer op voormelde bepaling (par (i) hierbo) die risiko van besoedeling van grondwater eers bepaal word;
- Dat gesprekke met die onderskeie Huiseienaarsverenigings (HEV's) gevoer word voor die afdwinging van die Waterwese voorskrifte;
- Dat die tarief soos vervat in die tariewelêer wat op die landelike gebied van toepassing is, behou word om ook vir Grottobaai van toepassing te wees, indien die diens benodig word;

(r) **Ten aansien van mnr Willem Badenhorst se versoek oor afslag op belasting:**

(i) Dat daar **kennis geneem** word van mnr Willem Badenhorst se versoek om afslag eerder as 'n % te hanteer in teenstelling met die bestaande vaste bedrag wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word;

(ii) Dat mnr Badenhorst **bedank** word vir sy insette, maar dat die status quo ten aansien van die 90 dae begroting gehandhaaf word;

(s) **Ten aansien van die Yzerfontein Inwonersvereniging (skrywe van die Voorsitter – mnr Edward Brittain, gedateer 28 April 2016):**

(i) Dat daar, ten aansien van die formaat van die begroting waar die koste van verkope en depresiasie steeds nie bygewerk is nie, **kennis geneem word** dat departementele koste intern as 'n uitgawe te boek gestel word en dat die twee formate dus van mekaar verskil. Lg. is die wetlik afdwingbare formate van hoe plaaslike begrotings opgestel moet word en verskil van Provinsiale en Nasionale Regering wat op die "cash basis of accounting" werk, terwyl munisipaliteite op die sg. "accruel" basis werk;

(ii) Dat daar met verwysing na par 17(3)(a) vanaf die MFMA **volstaan word** met die bestuurskommentaar soos in die skedule vervat;

(iii) Dat daar ten aansien van die korting vir die Landbouers volstaan word met die besluit in par (p) hierbo, veral weens die droogte in die verklaarde rampgebied;

(iv)
- Dat daar **kennis geneem** word dat paragraaf 4(p) in Swartland Munisipaliteit se konsepbeleid wat verwys na geografiese gebiede behou word, omdat die gebiede van Grottobaai en Jakkalsfontein vir belastingdoeleindes nog sal bestaan totdat die 100% heffing op eiendomsbelasting oor 7 jaar infaseer is, welke infasering met ingang van 1 Julie 2015 geskied het;

- Dat daar verder **kennis** geneem word dat hierdie infasering geskied ingevolge artikel 93B van die Wet op Eiendomsbelasting en dat Swartland Munisipaliteit se vorige beleid en die wetgewing (Wet 6 van 2004, voor wysiging in 2015) wel toegelaat het, om gedifferensieerde belasting te hef op geografiese gebiede, maar met die wysigings in 2015 (Wet 29 van 2014) dit nie meer toelaatbaar is nie, maar laat dit wel toe dat dit ingevolge die nuwe Artikel 8 (wat nou geografiese gebied uitsluit) ingefaseer word oor ‘n maksimum tydperk van 7 jaar en dat genoemde infasering reeds in die 2015/2016 finansiële jaar ‘n aanvang geneem het;

- Dat daar **kennis geneem** word dat die Wysigingswet, No 29 van 2014, al die wysigings voorgestel het en bepaal artikel 35 van hierdie Wysigingswet spesifiek wat die oorgangsreëlings t.o.v. Artikel 17 – Publieke Dienste Infrastruktuur en Artikel 8 – gedifferensieerde belasting is en dat dit ingevoeg moet word in Artikel 93 in die hoofwet, Wet 6 van 2004 – vandaar Artikel 93A en 93B onderskeidelik;

- Dat daar **kennis geneem** word dat dit Swartland Munisipaliteit se interpretasie is dat die wysiging van Artikel 8 (verwydering van geografiese gebiede) oor 7 jaar ingefaseer moet word, welke infasering van die addisionele heffing met ingang van 1 Julie 2015 beslag gekry het;

- Dat daar verder **kennis geneem** word dat dit nie nodig is om spesiale toestemming vanaf die Minister te verkry nie, aangesien Grottobaai en Jakkalsfontein nie ingevolge Artikel 8(4) hanteer word nie, aangesien dié gebiede nie omskryf word in Artikel 8(2) nie, maar soos reeds genoem, ingevolge Artikel 93B;

(v) Dat daar **kennis geneem** word dat Swartland volstaan met R15 000 soos tydens die 90 dae begroting besluit;

(vi) Dat daar **kennis geneem word** dat ingevolge wetgewing 'n belastingkoers tot 'n maksimum van 25% van die residensiële belastingkoers gehef mag word, maar die Raad mag ook 'n laer koers bepaal. Hierdie heffing kan wissel juis omdat die Wet die Raad magtig om gedifferensieerde koerse te hef vir die eiendomme toegelaat in Artikel 8. Verder bestaan 'n “afslag” vir die nie-lewering van dienste nie meer nie, maar kan ander faktore, soos rampe, bv. die heersende droogte dan juis hierdie koers bepaal;

(vii) Dat met verwysing na die "LED maturity assessment”, soos in die kommentaar hierbo ge-illustreer, daar **kennis van geneem word**, dat Swartland Munisipaliteit een van die beste drie munisipaliteite is ten aansien van die resultate en dit bewys dat die strategieë en inisiatiewe vrugte afwerp. Verder moet daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit met sy skaars hulpbronne en beperkte begroting verplig is om ”LED“ anders te benader om vir beleggings te kompeteer;

(viii) Ten aansien van die korting aan persone ouer as 65 jaar daar **kennis geneem** word dat die konsepbeleid **reggestel was** en sal enige verandering in die basis van kortings toegestaan aan pensioenarisse gedurende die volgende begrotings oefening ondersoek en oorweeg word;

(ix) Dat daar ten aansien van die tariewe op vakante erwe **kennis geneem** word dat artikel 8(3) wel die Raad magtig om vakante grond teen ‘n gediffirensieerde tarief aan te slaan, maar oorweeg die Raad dit nie op die stadium nie;

(x) Dat daar **kennis geneem word** dat sodra die huidige 5kl gratis water uitfaseer is, kan ‘n basiese tarief op water oorweeg word. Die uitfasering binne twee jaar is nie bekostigbaar vir alle huishoudings nie en was die besluit om dit met 1kl jaarliks te verminder;

(xi) Dat ten aansien van die verlies op water, daar verder **kennis geneem** word dat die oorname van bates vanaf die WKDM, sowel as die lenings, veroorsaak dat die huidige tekort oor ‘n langer periode uitfaseer word gegewe die huidige swak ekonomiese omstandighede;

(xii) Dat met verwysing na die riooltarief se 10% styging, daar **kennis van geneem** word dat die verhoging van 10% ingestel is om te verseker dat die diens volhoubaar gelewer word en om voorsiening te maak vir grootmaat uitbreidings. Verder moet daar kennis geneem word dat daar geen verband is tussen die water- en riooltarief nie;

(xiii) Dat met verwysing na die sg. vry rioleringsdiens wat met 'n vorige ontwikkeling plaasgevind het, daar kennis geneem word dat ondersoek in voormelde geval en die aangeleentheid as 'n prestasie indikator van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste geformuleer was in die 2015/16 finansiële jaar, welke uitslag teen jaareinde op gerapporteer sal word;

(xiv) Dat met verwysing na die hef van ‘n basiese tarief op die vullisverwydering, plus ’n gebruikerstarief, die aanbeveling nie oorweeg word nie en dat die **status quo** vir die 2016/17 finansiële jaar behou word;

(xv) Dat met verwysing van die ongelukkigheid aangaande die sluiting van die stortingsterrein, daar **volstaan word** met die kommentaar soos vervat in die skedule;

(xvi) Dat daar met verwysing na die kapitale besteding op Yzerfontein **daar volstaan** word met die departemetele kommentaar, soos in die skedule vervat en dat kapitaalprojekte na die wyksplanne verwys moet word om vir befondsing mee te ding.

7.4 VASSTELLING VAN KAPITAALONTWIKKELINGSBYDRAES (15/1/B)

Die verslag het die jaarlikse hersiening van die Beleid insake Kapitaalontwikkelingsbydraes ten doel, sowel as die oorweging van die rabat wat tans op 40% van die ontwikkelingsbydraes toegestaan word.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het verder op 20 Januarie 2016 goedkeuring verleen vir die wysiging van die beleid om voorsiening te maak dat hersonerings- en grondgebruikaansoeke in die Riebeek Vallei vir besighede en nywerhede wat kleiner of gelyk is aan 100m² nie ontwikkelingsbydraes vir infrastruktuur hoef te maak nie, onderhewig daaraan dat hierdie vergunning weer teen 30 Junie 2016 oorweeg word.

Besluit/...

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte Kapitaalontwikkelingsbydraes vir die 2016/2017 finansiële jaar aanvaar word, naamlik:

- "Greenfields" Kapitaalontwikkelingsbydraes - Malmesbury (Aanhangsel i);
- "Brownfields" Kapitaalontwikkelingsbydraes - Swartland Munisipale Gebied (Aanhangsel ii); en
- Kapitaalontwikkelingsbydraes – Riebeek Vallei (Aanhangsel iii);

(b) Dat daar volstaan word met die besluit vir vrystelling van kapitaalontwikkelingsbydraes vir besighede en nywerhede kleiner as 100m² in die Riebeek Vallei;

(c) Dat werklike koste kapitaalontwikkelingsbydraes in alle gevalle van toepassing bly, indien nodig en soos bereken deur die Direkteure: Siviele-en Elektriese Ingenieursdienste;

(d) Dat daar vir die 2016/2017 finansiële jaar 'n rabat van 40% as insentief ten opsigte van alle vaste kapitaalontwikkelingsbydraes aan alle ander ontwikkelings toegestaan word;

(e) Dat elke ontwikkelaar se spesifieke en unieke kapitaalbydraes, bepaal word deur die berekening van werklike koste- en vaste koste kapitaalbydraes, asook dat alle ander billike voorwaardes nagekom word soos vereis deur:

- Artikel 40 van die Wes Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning (LUPA) No 3 van 2014;
- Artikel 66 van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning, PK 211 van 2015;
- Dit sluit ook die onderneming van elke Ontwikkelaar in om dit te betaal;

(f) Dat voortspruitend uit die LED-strategie die Bestuurspan versoek word om 'n Beleid insake Insentiewe op te stel en as 'n prestasie indikator en –teiken te formuleer om deel van die Pretasiebestuurstelsel vir die 2016/2017 finansiële jaar te wees.

7.5 WYSIGINGS VAN VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid moet jaarliks hersien word om te bepaal of daar enige wysigings benodig word.

Die twee grootste faktore wat aanleiding gegee het tot die wysiging van die beleid, is –
(1) MFMA Omsendbrief 82 soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie op 30 Maart 2016 wat besparingsmaatreëls bevat wat alle vlakke van regering moet aan voldoen;
(2) Comaf No 2 van 2015 ontvang vanaf die Ouditeur-Generaal aangaande die verkryging van sekere dienste wat uitgesluit was van die voorsieningskanaal-bestuursproses.

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid is apart gesirkuleer as deel van die bundel aangaande begrotingsverwante beleide (item 7.3, aanhangsel D).

BESLUIT

(a) Dat die voorgestelde wysigings op die Raad se *Supply Chain Management Policy* (slegs beskikbaar in Engels) goedgekeur word met onmiddellike effek;

(b) Dat die delegasieregister, wat 26 Mei 2016 aan die Raad voorgelê sal word, aangepas word om die wysigings te akkommodeer.

7.6/…

7.6 WYSIGING VAN VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)

Die *Code of Good Practice* ingevolge die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act of 2003*, bepaal – onder andere – aan watter vereistes entiteite moet voldoen om B-BBEE nakoming te bewys. Hierdie *Code of Good Practice* is in 2013 hersien, maar is daar 'n oorgangstydperk toegelaat wat nou verval het en wysigings aan die beleid noodsaak.

Die Voorkeurverkrygingsbeleid is apart gesirkuleer as deel van die bundel aangaande begrotingsverwante beleid (item 7.3, aanhangsel D).

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings op die Raad se *Preferential Procurement Policy* (slegs beskikbaar in Engels) goedgekeur word met onmiddellike effek.

7.7 WYSIGING VAN REIS- EN VERBLYFBELEID (6/1/2/B)

Die President het in sy 2016 Staatsrede klem daarop gelê dat oormatige en verkwiste uitgawes tot die minimum beperk moet word. Hierdie oproep tot besparing is beklemtoon in die Minister van Finansies se 2016 Begrotingsrede.

Om aan voormelde beslag te laat kry is MFMA Omsendbrief 82 deur die Nasionale Tesourie uitgereik waarin kostebesparingsmaatreëls voorgestel word.

BESLUIT

(a) Dat die voorgestelde wysigings op die Raad se *Travel, Accommodation and Subsistence Policy* (slegs beskikbaar in Engels) goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2016;

(b) Dat die delegasieregister, wat 26 Mei 2016 aan die Raad voorgelê sal word, aangepas word om die wysigings te akkommodeer.

7.8 HERSIENING VAN *SWARTLAND MUNICIPALITY: BUSINESS CONTINUITY AND DISASTER RECOVERY PLAN* (17/5/B)

Dit is belangrik om die *Business Continuity and Disaster Recovery Plan* van Swartland Munisipaliteit gereeld te hersien, veral ten opsigte van belangrike kontaknommers.

Die doel van die plan is om Swartland Munisipaliteit, en spesifiek alle departemente, voor te berei op uitgebreide dienste-onderbrekings wat deur faktore buite die munisipaltieit se beheer veroorsaak kan word, en om dienste so spoedig moontlik weer te herstel. Die plan maak verder voorsiening vir 'n Rampbestuurskomitee, wat bestaan uit:

- Die Munisipale Bestuurder
- x6 Departementshoofde
- IT-Bestuurder
- Uitvoerende Burgemeester
- Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir Gemeenskapsveiligheid.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die wysigings wat aangebring is aan die *Business Continuity and Disaster Recovery Plan*;

(b) Dat die gewysigde *Business Continuity and Disaster Recovery Plan* van Swartland Munisipaliteit goedgekeur word, ten einde te voldoen aan die GOP, Doelwit 7.3 wat bepaal dat die plan jaarliks hersien moet word.

7.9 BELEID INSAKE ONDERSTEUNING IN GEVAL VAN RAMPE (MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE AFBRAND VAN WONINGS EN ANDER KLEINER RAMPE) (17/5/1/1)

Die voorsitter versoek die Direkteur: Beskermingsdienste om die wysigings aan die riglyne toe te lig, spesifiek t.o.v. wanneer die vermoede bestaan dat die ramp veroorsaak is deur brandstigting.

Mnr P A C Humphreys noem dat 'n prosesplan m.b.t. die herstel van brand beskadigde wonings in terme van die Raad se Rampbestuursbeleid opgestel is om elke departement se rol in die hantering van die ramp uit te spel.

BESLUIT

(a) Dat die hersiende riglyne **as beleid**, naamlik die Beleid insake Ondersteuning in die Geval van Rampe (met spesifieke verwysing na die afbrand van woning en ander kleiner rampe) deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met onmiddellike effek goedgekeur word;

(b) Dat die delegasieregister, wat 26 Mei 2016 aan die Raad voorgelê sal word, aangepas word om die wysigings te akkommodeer.

7.10 AANVAARDING VAN VERORDENINGE INSAKE (1) MURE EN HEININGS, EN (2) BESTUUR VAN PARKERING (1/1)

Die verordeninge insake (1) Mure en Heinings, en (2) Bestuur van Parkering was in Maart 2016 aan die uitvoerende burgemeesterskomitee en munisipale raad voorgelê te einde die publieke deelnameproses te volg.
Geen insette/kommentaar op voormelde verordeninge is gedurende die publieke deelnameproses ontvang nie.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 26 Mei 2016)

(a) Dat die verordeninge insake (1) Mure en Heinings en (2) Bestuur van Parkering aan die Raad aanbeveel word vir goedkeuring;

(b) Dat die verordeninge in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

7.11 IMPLEMENTERING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE 2014-2017 (6/2/2/B)

Een van die uitvloeisels van die 2014-2017 Kommunikasiestrategie, en ook 'n prestasie-indikator van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, is om kommunikasieverwante beleide op te stel.

Die Munisipaliteit se *Facebook*-blad is op 30 Oktober 2015 in werking gestel, en noodsaak dat ‘n beleid wat die gebruik van die sosiale media reguleer as platform vir skakeling met die gemeenskap, ook opgestel moes word.

Gemelde beleid het ten doel om die verantwoordelikhede van die persone wat as munisipale kommunikeerders sal optree, vas te stel, maar ook om ‘n sosiale media gedragskode vir werknemers én raadslede neer te lê.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte Sosiale Mediabeleid en delegasie (COM3) aanvaar word vir implementering met onmiddellike effek;

(b) Dat die inhoud daarvan aan werknemers en raadslede gekommunikeer sal word;

(c)/...

7.11/...

(c) Dat kennis geneem word dat ‘n hersiening van die 2012-2015 Kommunikasiestrategie nie in hierdie stadium vereis word nie, en goedkeuring verleen word dat ‘n volledige hersiening daarvan onderneem sal word sodra die strategiese uitkomste vir doeleindes van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan gefinaliseer is.

7.12 (1) INTERNASIONALE SAMEWERKINGSOOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN LKJ, DUITSLAND, EN (2) SONDEZA KAMP 2016 (10/3/4, 17/2/2/1)

Ingevolge die samewerkingsooreenkoms met LKJ, Duitsland het Swartland Munisipaliteit jaarliks sedert 2012 studente ontvang wat werksaam was by Elkana, !Khwa ttu, Ilinge Lethu Thusong sentrum en Jo Dolphin.

LKJ het die munisipaliteit ingelig dat hul fondse ingekort is en dat daar nie weer studende in 2016 na Suid-Afrika gestuur sal word nie.

Die verslag bevat verder detail insake die Sondeza Kamp wat vanaf 2 tot 11 Desember 2016 beoog word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat daar nie weer Duitse studente in 2016 vanaf Duitsland in Suid-Afrika ontvang sal word nie, a.g.v. finansiële inperking van die LKJ sender organisasie;

(b) Dat Elkana, !Kwa ttu en die Ilinge Lethu Thusong Sentrum skriftelik bedank word vir hul deelname aan die projek deurdat hul studende ingeneem het;

(c) Dat kennis geneem word dat die Sondeza Kamp vanaf 2 tot 11 Desember 2016 sal plaasvind;

(d) Dat kennis geneem word dat daar R440 000 begroot is vir die Sondeza Kamp vir 2016 (pos no. 05-30-52-00-3740), maar nie die koste van die R120 000 verblyf te Ganzekraal insluit nie;

(e) Dat die tekort van R120 000 gefinansier sal word uit die besparing van die "External Affairst" pos (pos no. 05-08-52-00-1532, begroot R100 800) en die R27 HUB (pos no. 89-86-46-00-0571, begroot R30 000).

7.13 AANBOD OM ERF 10377, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)

Erf 10377 in die Dalsig-uitbreiding, Malmesbury is aan me J Wiid verkoop tydens 'n 'pre launch' veiling gedurende Maart 2007.

Prokureurs Du Plessis is deur me Wiid opdrag gegee om toe te sien tot die oordrag van erf 10377 aan 'n privaat koper, en versoek hulle toestemming van die Munisipaliteit om afstand te doen van sy sg. voorkoopsreg.

BESLUIT

(a) Dat die Munisipaliteit, soos ten opsigte van vorige aansoeke, afstand doen van sy voorkoopsreg met betrekking tot erf 10377, Malmesbury, aangesien die eienaar reeds ‘n gewillige koper het daarvoor, en ‘n sterk moontlikheid bestaan dat die erf (met verwysing na die pryse wat tydens die openbare veiling in 2015 behaal is asook die munisipale waardasie op die betrokke eiendom) nie teen die oorspronklike koopprys van R127 000,00 deur die Munisipaliteit herverkoop sal kan word nie;

(b) Dat me Wiid gevolglik toestemming verleen word om erf 10377, Malmesbury privaat te mag vervreem.

7.14 KANTOORAKKOMMODASIE: SWARTLAND ATLETIEKKLUB (12/1/3/1-9/1)

Swartland Atletiekklub het 'n versoek gerig vir die huur van kantoorakkommodasie te Moorreesburg munisipale kantore vir 'n termyn van twaalf maande.

Verder versoek die klub ook goedkeuring om Swartland Munisipaliteit se logo op hul briefhoof te mag gebruik, sou kantoorakkommodasie wel beskikbaar gestel word.

BESLUIT

(a) Dat 'n enkelkantoor te Moorreesburg munisipale kantore m.i.v. 1 Junie 2016, vir ‘n termyn van 12 maande, aan Swartland Atletiekklub verhuur word ter uitvoering van hul administratiewe funksies;

(b) Dat huurgeld van R10,00 plus BTW per maand gevra word wat die gebruik van water en elektrisiteit insluit;

(c) Dat aangesien die Moorreesburg Sportforum, waaronder Swartland Atletiekklub geaffilieer is, tans van 'n gesubsidieerde telefoon- en fakslyn voorsien word, alle verdere telefoon- of fakslyne vir Swartland Atletiekklub se eie rekening sal wees;

(d) Dat Swartland Atletiekklub self moet sorg vir ’n kopieërmasjien uit eie fondse, indien benodig;

(e) Dat Swartland Atletiekklub se versoek om Swartland Munisipaliteit se logo op hul briefhoof te mag gebruik, nie goedgekeur word nie.

7.15 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2016 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder bedank al die raadslede wat getrou hulle munisipale rekening betaal, in teenstelling met ander munisipaliteite waar hierdie aangeleentheid met groot moeite bestuur moet word.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat 'n ondersoek gedoen word om waar 'n huishouding wat oor 'n konvensionele elektrisiteitsmeter beskik telkens op die afsnylys beland, daardie huishouding gedwing moet word om 'n voorafbetaaltipe elektrisiteitsmeter te laat installeer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van April 2016.

7.16 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter spreek weereens sy bekommernis uit dat AON-versekering nie voldoende presteer nie, deur die voortdurende vertragings wat ervaar word ten opsigte van die uitbetaling van versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.17/...

7.17 OORSKRYDING VAN ERFGRENSE: ERF 10013, MALMESBURY (UITBREIDING VAN MALMESBURY SUPERSPAR) (15/3/1)

'n Versoek is vanaf SKCM Raadgewende Ingenieurs namens SKH Beleggings Beperk ontvang vir die uitbreidings aan die Malmesbury Superspar-gebou op erf 10013, Malmesbury.

Daar word beoog om die winkel in geheel op te knap, en sluit dit – onder andere – 'n groter koffiewinkel, bakkery en gaarkos-afdeling in.

Die loopgang en windportaal wat toegang na die winkel bied, oorskry gedeeltelik die erfgrens van erf 10013 oor erf 327.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek vir die gedeeltelike oorskryding van die erfgrens van erf 10013 oor erf 327 goedgekeur word;

(b) Dat die detail van hierdie oorskryding in die pers bekend gemaak word;

(c) Dat die aansoeker dienooreenkomstig in kennis gestel word;

(d) Dat die aansoeker verantwoordelik sal wees vir die koste verbonde aan die advertering;

(e) Dat die oorskrydingsooreenkoms deur Departement Korporatiewe Dienste hanteer word;

(f) Dat 'n jaarlikse oorskrydingsfooi ten bedrae van R100,00 plus BTW betaalbaar sal wees.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER